



Collins Bomali heel links

Collins Bomali se storie

Toe Collins Bomali as klein Xhosa-seuntjie Sondae saam met sy ma op pad na die NGK in Afrika se kerkgeboutjie op De Aar geloop het, het hy nooit kon raai vir hoeveel mense hy eendag op die treinstasies in die Kaapse Metropool met hierdie einste Blye Boodskap hoop in hulle lewens sou help gee nie.

Transnet se treindienste het baie mense aan diens wat elke dag moet sorg dat die treine soggens begin loop, dit op die spore bly en betyds by stasies opdaag, en dat die honderde passasiers wat van treinvervoer afhanklik is, hul kaartjies gekoop kan kry.

En tussen al hierdie mense loop daar 'n man met 'n naambordjie aan sy lapel wat sê: Arbeidsbediening / Industrial Ministry met 'n groot rooi kruis en sy naam, Collins Bomali. Hy is die man wat sorg dat al hierdie klerke, rangeerders, kaartjieskantoomense en nog baie ander ook geestelik versorg word.

Na skool het Collins 'n administratiewe klerk geword en by 'n sekuriteitsfima gaan werk. Sedert April 2007 is hy egter as geestelike versorger van Transnet in die plek van mnr Vani (wat afgetree het) aangestel en werk hy nou al vir langer as sewe jaar in hierdie hoedanigheid.

Collins werk vanaf Maandae tot Vrydae vanaf sewe-uur soggens om stasiepersoneel te besoek op die Transnet-treinlyne van Bellville tot Somerset-Wes, en Bellville tot Stellenbosch. Hy besoek die Transnet-werknemers op die verskillende stasies en ontmoet hulle in kantore waar hy vir hulle uit die Bybel lees, vir hul behoeftes bid en hulle ook met persoonlike probleme (soos bv. swak verhoudings, kinders met dwelmprobleme, ens.) help waar nodig. Hy maak ook seker dat mense met ernstige probleme hulp kry by professionele mense wat *pro bono* hulp verleen.

Een maal per maand, op 'n Saterdag om 11:00 vergader al die treinkontroleerders by Century City te Windermere waar daar gewoonlik so tussen 25 en 30 mense teenwoordig is; Collins word ook gereeld daarheen uitgenooi.

"In hierdie werk moet jy Afrikaans, Xhosa en Engels kan praat; almal moet met die evangelie bedien kan word," vertel Collins. Een Woensdag was hy byvoorbeeld by Langa nadat een van Metro se vroue oorlede is en hy die herinneringsdiens daar gaan waarneem het. Op hierdie manier raak hy ook persoonlik by die mense betrokke en ondersteun hy hulle ook buite werksverband.

Collins is getroud en het twee kinders van 14 en 4 jaar oud. Hulle woon in Lower Crossroads.

Contak Carin Brink by cbrink@kaapkerk.co.za vir meer inligting.